**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 2 8 1 | 81/08/14 226 | 329 | 1674 |

DIE TRANSVALER Jg. ............ Nr. ........................ P. 2 Dat. 81 8. 14.

# Dis ons, sê ANC

DIE African National Congress het gister uit Dar-es-Salaam aanspreeklikheid vir die vuurpylaanval aanvaar. 'n Woordvoerder het gesê dat die aanslag deur die militêre vleuel van die ANC uitgevoer is.

Die ANC het vroeëre berigte ook verantwoordlikheid aanvaar vir al die ander sabotasie- en terroriste-aanslae wat landwyd voorgekom het.

In die stadium word daar aanvaar dat die gesofistikeerde vuurpyllanseerder uit Mosambiek die land binnegesmokkel is. Die ANC het 'n aantal opleidingskampe en wapenarsenale in dié land. Die DKZ-B-lanseerder wat Woensdagnag gebruik is, is veral doeltreffend teen geboue, maar word ook teen mense aangewend.

Die polisie het gister gesê die lanseerder is gekry 'n paar honderd meter van die plek waar die skietvoorval plaasgevind het. Die plek is ongeveer 4,5 kilometer aan waar die vuurpyle in Voortrekkerhoogte geval het.

Die lanseerder is vermoedelik in 'n kleinerige blou bakkie vervoer. Die model van die voertuig en die registrasienommer is egter nie bekend nie.

**TREFWOORDE**

1 ANC

2 Tanzanië

3 Voortrekkerhoogte

4 Vuurpyle

5 Aanvalle

6 Aanspreeklikheid

7 Erkenning

8 Stedelike Terrorisme

9 Landwyd

10